

**11 April**

**Genesis 4:1-16, (Teks: 4:9)**

### ***Waar is jou broer?***

Hierdie vraag gaan oor ons verhouding tot ons naaste. Die vraag weerklink deur die eeu, want die geskiedenis van die mens is van Kain se tyd af met bloed geskrywe - die bloed van broers.

Dit is 'n vraag wat ons selfondersoek moet laat doen. Ons kan egter nie antwoord nie, want ons staan skuldig. Ons is geneig om ons naaste te haat. Ons is jaloers en venynig op mekaar. Ons bedrieg mekaar. Ons beledig en verneder mekaar. Ons skinder en praat kwaad van mekaar. Ons leef by mekaar verby. Ons knyp ons oë toe vir ander se nood.

"Waar is jou broer?" word verwytend gevra. Ons kan die vraag alleen beantwoord as ons na Jesus Christus wys. Hy is gebore uit die nageslag van Set, die seun wat in Abel se plek gebore is. Hy is ons Broer. Hy het in ons plek aan die kruis gehang en ons met God versoen. Hy het ons kinders van die Vader gemaak. Hy het gevra: "Wie is my moeder en my broers?" En sy antwoord is: "Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder" (Matt 12:48-50).

In Matteus 25:31-46 word ons Vader se wil duidelik uitgespel. Gee kos en klere vir die wat in nood is, gee huisvesting, verpleeg en besoek. Ons Broer sê: "Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen" (Matt 25:40).

Sing: Psalm 133

Ds. A.L. Pelser (Akasia)